

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



FEBRUARIE
2018

Maak ROETINE INSTANDHOUDING ‘n prioriteit hierdie jaar

2018 is hier. Kom ons maak vanjaar een van goeie bestuur en goeie instandhouding. Ek weet dat dit ‘n algemene onderwerp van bespreking in die Pula Imvula is, maar dit kan nooit genoeg beklemtoon word nie, want dit is een van die grondslae van ‘n goeie boerdery.

As boere is ons gewoonlik in die Nuwe Jaar baie besig omdat Januarie en Februarie ‘n baie besige tyd van die jaar vir ons is. Maar ons kan nie toelaat dat die besige seisoen ons verhoed om goeie bestuurspraktyke te hê nie. Ons kapitaaluitgawes op ons toerusting is te groot om hierdie aspek van ons besigheid te verwaarloos.

Ons boerdery masjinerie en gereedskap bestaan uit baie ingewikkelde dele, dele wat beweeg, draai, tol, in die rondte draai en skud. Dit alles veroorsaak slytasis en vereis dus roetine instandhouding om hulle sonder probleme in werking te hou. Die tyd is te waardevol om konstante oponthoud te hê wat ons verhoed om ons take betyds te doen. Net hierdie maand het ek gesukkel met ‘n trekker wat aanhoudend bly breek het en ek gedink dat indien ek meer deeglik was gedurende die stil tyd, sou ek dalk nie nou hierdie moeilikheid gehad het nie.

Kritieke riglyne

Hier is ‘n paar riglyne wat ek glo noodsaaklik is vir ‘n vlot operasie:

- Begin deur te fokus op primêre masjinerie. Dit



Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende boere

Lees binne:

04 | Altyd iets nuuts om te leer

06 | Graan SA lidmaatskapvlakte
– hoe dit werk...

07 | Werksplekbeserings
– wat boere moet weet





OUMA JANE SÊ...

Dit was weer eens 'n moeilike seisoen – dele van die land was baie nat en ander dele is steeds baie droog. Ons word vertel dat dit bekend kan wees as "weer versterking", wat beteken dat die weer net sterker is. Indien jy in 'n droë area is, sal dit droeër word en as jy in 'n nat area is, sal dit natter word. Ons moet dit in gedagte hou vir die toekoms wanneer ons beplan wat om te plant en wanneer om dit te plant. Boerdery word nie makliker nie.

Daar word baie gepraat oor grond en grondherverdeling. Indien jy hierdie Pula Imvula lees, boer jy heel moontlik op grond – dit sal kommunale grond, huurgrond, eie grond, munisipale grond, of grond wat jy ontvang het deur herverdeling wees. Die mees kritieke aspek van grond as 'n bate is dat die grond produktief moet wees. Om net grond of toegang tot grond te hê, gaan nie jou lewe verander nie – jou lewe kan verander as jy in staat is om die grond wat jy het, te gebruik.

Om die grond te gebruik, het jy kennis en vaardighede nodig; jy het ook geld nodig vir produksie insette en indien jy nie al die werk met die hand gaan doen nie, benodig jy toegang tot meganisasie. Dit is waar die uitdagings inkom – waar gaan jy kennis en ondervinding opdoen, waar gaan jy jou insette kry (die regtes betyds) en watter meganisasie gaan jy gebruik?

As Graan SA is die primêre fokus van ons ontwikkelingsprogram om kennis en vaardighede oor te dra, om jou te bemagtig om die regte besluite te neem en die regte ding te doen. Deur die studiegroep vergaderings en opleidingskursusse by te woon en deur die Pula Imvula te lees, sal jy inligting bekom.

Ons het verskeie programme om boere met insette te help – die "Jobs Fund" projek is een waar boere 'n bydrae per hektaar betaal en dan voorsien ons die insette en mentor die boere. Ons het ook 'n projek saam met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming deur hulle REID-program waar ons insette voorsien en boere mentor. Daar is 'n groot behoefte aan finansiële ondersteuning aan boere en huidiglik is Graan SA nie in staat om in die behoeftes van alle boere te voorsien nie. Ons hou aan om addisionele vennote te probeer vind om ons met hierdie uitdagings te help.

Kom ons hou aan om te kyk na die gewas wat ons hierdie jaar kon plant – onthou om topbemesting toe te dien op die mielies en hou die lande skoon van onkruid – jou gewasse het steeds jou liefde en aandag nodig.

Maak roetine instandhouding 'n prioriteit hierdie jaar



Herstel die planter om seker te maak dit werk perfek.

is ons masjinerie en implemente waarop ons staatmaak. Dit sal die meeste van jou aandag benodig, aangesien hulle meer dikwels die meeste werk doen.

- Identifiseer op elke masjien of implement die dele wat die meeste spanning dra, soos laers en belde en laat hulle werk soos hulle behoort te werk.
- Wees deeglik en kontroleer altyd dubbeld as jy klaar is om seker te maak dat al die moere en boute vas is. Dit is maklik om iets te mis.
- Neem dit ten slotte uit die werksplek na waar dit maklik gehaak kan word. As jy wil, kan jy dit neem vir 'n kort toetsrit naby om seker te wees dat alles goed werk.

Terwyl ons die toerusting in die veld gebruik, kan ons nie bekostig om ons masjinerie te misbruik nie. Ons moet hulle die nodige sorg en aandag gee wat hulle te alle tye nodig het. Gewoonlik is die beste metode om 'n roetine met jou werkers vas te maak wat hulle daagliks moet beoefen. Hierdie roetine moet elkeoggend uitgevoer word voordat die werk begin. Maak seker dat jy daagliks alle kettings en laers, asook olievlekke en brandstof nagaan. Dit is 'n goeie gewoonte om 'n draagbare instandhoudingsstel te hê wat gereedskap, ghries en onderdele byderhand het.

Hierdie kontroles kan jou heel moontlik 'n ongewenste oponthoud spaar, wat gewoonlik gedurende die besigste tye sal gebeur. Moet dus nie meer ongeërg

daaroor wees nie, wees eerder proaktief en bespaar tyd en geld op die lange duur.

Ons goeie pogings met instandhouding kan nie daar stop nie. Soos jy goed weet, het eniglets wat in die veld werk, voortdurend aandag nodig. Ons kan nie regdeur die seisoen deeglik wees met ons instandhouding en laat gaan sodra die plantseisoen verby is nie. Maak seker dat jy al die masjinerie deurgaan nadat die besige werk voltooi is. Doe 'n goeie inspeksie op alles, want hoewel dit nog steeds goed gwerk het toe jy klaar was met die werk, beteken dit nie dat iets dalk nie vervang moet word nie.

Voordat jy jou implement stoer

Hier is 'n paar wenke oor hoe jy vir jou masjinerie kan sorg voordat jy dit vir 'n rukkie wegbergére.

- Eerstens kan alles 'n goeie, deeglike was kry om van alle grond en vuilheid ontslae te raak.
- Na 'n goeie was moet alle ploeë en skottelimplemente met 'n ligte laag ou olie gesmeer word om roes te voorkom.
- Laers moet gesmeer word en hidroliese sputtpunte bedek word sodat dit teen die elemente beskerm word.
- Alle oorblywende saad in planterbakke moet verwyder word.
- Kunsmisbakke op planters en strooiers moet ook skoongemaak word om roes te voorkom. Dit is noodsaklik, aangesien kunsmis baie roes veroorsaak.



MEGANISASIE



Sukkel met ou toerusting. Foto: Johan Kriel



Instandhouding van kettings en laers is baie belangrik. Foto: Johan Kriel

- Alle kettings moet gekontroleer en geolie word, baie boere haal hulle selfs af gedurende die russeisoen en bêre hulle in die stoer.
- Dieselfde kan gesê word vir planterplate en vingers.
- Chemiese spuitstowwe moet met vars water uitgewas word, spuitpunte moet skoongemaak, verwyder word en in die stoer gestoor word. Indien ons wil hê ons werk moet aangenaam en 'n plesier wees, eerder as 'n pyn, sal ek jou aanraai om hierdie stappe in roetine onderhoud 'n prioriteit te maak gedurende 2018. Boerdery kan 'n baie aangename ervaring wees as dinge goed gaan, dus moet ons alles doen wat ons kan om dit vlot te laat verloop. My oupa het gesê: "Net omdat jy nie 'n probleem kan sien nie, beteken dit nie dat daar nie 'n probleem is nie...so gaan kyk en kyk weer om die probleem te vermy."

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.



ALTYD IETS NUUTS OM TE LEER

Daar is 'n groot rykdom van kennis wat ontgin word deur ontwikkelende boere wat gereeld Graan SA se Boereontwikkeling studiegroepbyeenkomste bywoon.

Boerdery het altyd harde werk ingesluit en dit kan waarlik gesê word dat boere nie bang is om hard te werk in die nastrewing van hul doelwitte nie. Maar boerdery verg nou veel meer as net harde werk. Die Graan SA Boereontwikkelingspan het sekere faktore geïdentifiseer wat algemeen is vir nuwe boere regoor die land wat ontwikkeling vertraag, soos 'n gebrek aan kennis, vaardighede en ervaring, veral met betrekking tot moderne tegnologie en erkende beste praktyke vir landbou in die moderne wêreld.

Boerdery is 'n baie breë veld en boere moet vandag 'n oorweldigende verskeidenheid van sake verstaan. Teoretiese kennis alleen is nie genoeg nie. Boere leer uit jare en jare se ondervinding. In die Suid-Afrikaanse konteks is ontwikkelende boere meestal nuwe toetreders tot die spel en die reëls van hierdie spel is ingewikkeld. Goeie prestasie vereis uiterste fiksheid.

Met die winsmarge onder uiterste druk, is daar geen marge vir foute nie. Hoe kry jy ervaring en wie sal jou vang as jy val?

Ons benader Boereontwikkeling met 'n veeldoelige strategie wat verskillende projekte en programme bied. Die studiegroep is effektiief die vertrek punt waar ons boere ontmoet en saam met hulle begin stap. Dit is dus waarskynlik regverdig om te sê dat die studiegroep die hartklop van Boereontwikkeling in 'n bepaalde streek is. Ons nege Streeksbestuurders is gevestig in belangrike graanproduserende areas van die land:

- **Jerry Mthombothi** is gevestig in Nelspruit en hy mentor meer as 1 200 boere wat 17 studiegroeppe bywoon.
- **Du Toit van der Westhuizen** is op Lichtenburg en besoek 15 studiegroeppe met meer as 630 lede.
- **Jurie Mentz** bestuur 11 studiegroeppe van Louwsburg wat meer as 650 lede het.
- **Graeme Engelbrecht** is op Dundee gevestig en bestuur 15 studiegroeppe met byna 900 lede.
- **Johan Kriel** bestuur Ladybrand en help 15 studiegroeppe met ongeveer 520 nuwe era kommersiële boere, gevorderde boere, kleinboere en bestaansboere.

“

Deur studiegroepdeelname leer die boere van kundiges en van mekaar.

- **Sinelizwi Fakade** bestuur die program op Mthatha en bestuur 33 studiegroeppe met 'n totale ledetal van 2 572 boere.
- Die Kokstad kantoor is voorheen bestuur deur **Ian Househam** en meer onlangs deur **Luke Collier**. Hierdie kantoor bedryf 15 studiegroeppe met 'n totale ledetal van 1 185 boere.
- Dieselfde besturspan het toesig oor die Maclear kantoor, wat 15 studiegroeppe bedryf en meer as 1 000 lede gehad het.
- **Liana Stroebel** is die Streeksbestuurder vir die projek in die Wes- en Suid-Kaap. Die kantoor is in die Paarl gevestig en bedryf sewe studiegroeppe met ongeveer 88 boere.

Daar is 'n ope uitnodiging vir belangstellende boere om by hul naaste studiegroep aan te meld vir die nominale fooi van R40,00 per jaar (2017 tariewe). Die enigste vereiste is dat die boer wil boer, gretig en bereid is om te leer en selfs veranderingen aan te bring indien hulle aangeraai word en dan 'n mate van toegang tot grond te hê.



Foto's: Studiegroeppe is die hartklop van boereontwikkeling.



“ Boerdery is ‘n lewenslange reis wat nooit eindig nie! ”

Dit is deur ons interaksies met boere wat gereeld hul studiegroepbyeenkomste bywoon dat ons streekbestuurders en mentors hulle leer ken, hulle uitdagings leer ken en die beste idée kry van hoe om die mentorskap en opleidingsproses te begin. Verhoudings en vertroue is sleutellemente van die ontwikkelingspad wat ons volg.

Die Graan SA Boereontwikkelingspan glo dat volhoubare ontwikkeling slegs plaasvind sodra ‘n individuele boer beter toegerus is om volle verantwoordelikheid vir sy of haar eie boerderyonderneming te aanvaar. Jy sal nooit vind dat ons ‘n boer direk finansier nie, of dat ons sal voorskryf oor enigiets nie en ons sal beslis nooit die bestuur van boere se boerderybedrywighede of sake bestursprosesse oorneem nie, maar ons sal praat, onderrig en adviseer – en **ONS SAL** aanmoedig, aanpor – en ja, **ONS SAL** so ver moontlik help en **ONS SAL** wys hoekom moderne tegnologie die beste resultate behaal.

Ons is altyd op soek na vars nuwe insigte om op kreatiewe en dinamiese maniere te deel. Ons hou ons oë oop as ons deur die land reis op soek na die mees gesikte gereedskap en toerusting vir klein of ontwikkelende boere. **ONS SAL ALTYD** ons bes doen as kampioene van die ontwikkeling van boere, omdat ons glo dat ons elke boer nodig het om by te dra tot huishoudelike en nasionale voedselsekerheid deur die grond en hulpbronne tot hul beskikking so effektiel en verantwoordelik as moontlik te gebruik! Ons maatstaf van sukses is nie hoeveel hektaar geplant word nie, nie die totale aantal ton geoes nie, maar eerder of daar volhoubare optimaal produksie van winsgewende gewasse op ELKE ENKELE HEKTAAR geplant is!

Die spanlede van Graan SA Boereontwikkeling het hulself bewys dat hulle betroubaar is en is al meer as 18 jaar gelede op die been gebring om boere te ondersteun. Ons ontmoet in boere se huise en skure, gemeenskapsgeriewe soos sale en klaskamers en selfs onder groot bome...en ons gaan na die lande en sien en leer uit die goeie en die slechte wat ons daar vind.

Die studiegroepvergaderings is dinamies en varieer in ‘n poging om soveel relevante en nuttige onderwerpe as moontlik te dek. Onder-



“ Dit is deur ons interaksies met boere wat gereeld hul studiegroepbyeenkomste bywoon dat ons streekbestuurders en mentors hulle leer ken, hulle uitdagings leer ken en die beste idée kry van hoe om die mentorskap en opleidingsproses te begin. ”

in ‘n enjin te ondersoek nie – maar ons is lief om ander te wys hoe!

Daar is altyd iets nuuts om te leer. Deur studiegroepdeelname leer die boere van kundiges en van mekaar. Hulle leer vinniger (en verdien) as wat hulle op hulle eie sukkel. Hulle kry nuwe perspektiewe en leer nuwe vaardighede deur deelname aan besprekingsgroepes. Boerdery is ‘n lewenslange reis wat nooit eindig nie! ☺

werpe word gewoonlik volgens die ritme van die seisoene gekies om die meeste ondersteuning op die regte tyd te bied. Ons kyk na skyfies en video uittreksels en gee praktiese demonstrasies waar nodig. Ons huiwer nie om vuil te word in die veld nie en is nie bang om ons hande vuil te maak, om ‘n snaakse geraas

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur ‘n e-pos na jenjonmat@gmail.com.



GRAAN SA LIDMAATSKAPVLAKE

– hoe dit werk...

Graan SA is 'n kommoditeitsorganisasie wat die sektor monitor en in die beste belang van die graanprodurente van Suid-Afrika optree. Dit beteken dat die organisasie optree as waghond, insetkoste en insetkwaliteit monitor.

Die span onderhandel ook en tree op namens ALLE graanboere in Suid-Afrika. Die organisasie streef daarna om een gemeenskaplike stem namens alle boere te verteenwoordig wanneer kwessies met die regering en ander rolspelers aangespreek word.

Enigeen wat graan produseer, kan 'n lid van die Graan SA produsenteorganisasie word. Ledegeld word jaarliks betaal vir die tydperk vanaf 1 Maart tot einde Februarie. Daar is TWEE heeltemal verskillende vlakke van lidmaatskap.

1. Kimmersiële lede

Volle lidmaatskap is beskikbaar vir 'n graanprodusent wat ten minste 100 ton graan per jaar produseer om te bemark; en betaal die gestipuleerde ledegeld en die voorgeskrewe kommoditeitsheffing aan Graan SA op elke ton graan wat hy/sy produseer. 'n Minimum van R1 000 plus BTW word voorgeskryf vir volle lidmaatskap. Die produsent moet ook die doelwitte van Graan SA onderskryf.

Produsentelede moet 'n vorm onderteken waarin 'n geaffilieerde invorderingsagent waar

Tabel 1: Huidige heffing per ton vir graan.

Gewas	Heffing per ton
Mielies	R2,70
Sojabone	R5,40
Sonneblom	R5,40
Sorghum	R2,70
Grondbone	R10,70
Koring	R3,20
Kanola	R4,30
Gars	R3,20
Alle ander grane	R3,20

* Alle heffings sluit BTW uit

sy/haar graan gelewer word, gemagtig word om die heffing af te trek waar die produk gelewer word. Die huidige heffing per ton vir graan word in **Tabel 1** getoon.

2. Studiegroeplede

Die organisasie verwelkom ontwikkelende boere en bied 'n intreevlak studiegroep lidmaatskap teen 'n fooi van R40,00 per jaar. Lede van studiegroepe produseer graan op 'n kleinskaal en produseer minder as 100 ton graan. Die lede van Graan SA se boereontwikkelingsprogram word op verskeie maniere ondersteun, wat spesifiek geïdentifiseer is om die groei en ontwikkeling

van die individuele boer te versnel, sodat hy of sy vinnig op 'n volhoubare pad geplaas kan word deur moderne boerderymetodes en -tegnologie te gebruik.

Elke studiegroeplid sal gekoppel word aan een van die aktiewe studiegroepe, wat 'n toegewye spanlid beskikbaar sal hê om die beste prakteke vir graanproduksie in elke streek op te lei, te mentor en te adviseer.

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.



Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

Do the right thing. It will gratify some people and astonish the rest.

~ Mark Twain



WERKSPLEKBESERINGS

– wat boere moet weet

In 'n vorige artikel het ons beklemtoon dat boere as werkgewers 'n werksomgewing wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van werkneemers is, moet verskaf en in stand hou sover dit geredelik moontlik is.

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993) reguleer gesondheid en veiligheid in die werkplek, wat jou plaas is.

In dieselfde artikel het ons die verantwoordelikhede van die werkewer bespreek, maar in hierdie artikel sal ons fokus op die verantwoordelikhede van werkneemers en sou voorvalle (beserings) voorkom.

Werkneemers moet:

- Sorg vir sy/haar eie gesondheid en veiligheid, sowel as dié van ander persone wat deur sy/haar optreden geraak kan word.
- Enige wettige en redelike opdragte oor gesondheid en veiligheid wat deur die werkewer uitgereik is, uitvoer.
- Voldoen aan die werkewer se werkplek procedures.
- Gebruik die voorgeskrewe persoonlike beskermende klere en toerusting wanneer nodig.
- Rapporteer enige potensiële gevvaar aan die werkewer so gou as moontlik.
- Rapporteer enige voorval wat sy/haar gesondheid kan beïnvloed, of moontlik 'n besering kan veroorsaak, so gou as moontlik aan die werkewer, maar nie later as die einde van die skof nie.

Dit bly egter die verantwoordelikhed van die werkewer om te verseker dat alle werkneemers bewus is van bogenoemde verantwoordelikhede. Indien 'n besering voorkom en die werkewer

Dit is 'n verpligte versekeringsdekking vir werkgewers indien enige van hul werkneemers gedurende die tydperk van hul diens doodgaan, 'n besering of 'n siekte as gevolg van hulle beroep opdoen.

nalatig is, kan daar ernstige gevolge vir die werkewer wees. Jy kan 'n aansienlike boete en/of gevangenisstraf opgelê word en beveel word om die saak reg te stel. Ongekwalifiseerde reperkusies kan wees dat die produktiwiteit en houding van jou werkneemers negatief beïnvloed kan word deur gereelde beserings wat plaasvind.

Vir die voordeel van die werkneemers en werkewer is dit belangrik dat indien 'n voorval plaasvind, die korrekte prosedure gevolg word om enige groot besering (veral waar mediese aandag nodig is), of dood binne sewe dae aan te meld aan die Vergoedingskommissaris. 'n Werkneemers het die reg om mediese uitgawes van die Kommissaris te eis. Indien die korrekte prosedure nie gevolg word nie, sal die werkneemers die reg hê om vergoeding van die werkewer te eis.

'n Fonds, die sogenoamde Vergoedingsfonds, is deur die wet ingestel, Wet No.130 van 1993, Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA) om voorsiening te maak vir vergoeding vir ongeskiktheid wat veroorsaak word deur beserings en siektes wat deur

werkneemers gedurende hul dienstydperk opgedoen is, as 'n direkte resultaat van hulle beroep. Dit vergoed ook vir dood as gevolg van beserings en siektes op dieselfde wyse. Werkgewers betaal jaarliks 'n bedrag (verpligtend) aan die fonds waaruit hierdie voordele betaal word.

Dit is 'n verpligte versekeringsdekking vir werkgewers indien enige van hul werkneemers gedurende die tydperk van hul diens doodgaan, 'n besering of 'n siekte as gevolg van hulle beroep opdoen.

Die fonds word beheer deur die Vergoedingskommissaris en die administrasie van verslagdoening, boetes, insamelings, ensovoorts word deur die Departement van Arbeid hanter.

Let asseblief daarop dat indien jy selfs net een werkneemers het, dit verpligtend is om by die Departement van Arbeid te registréer om by te dra tot hierdie fonds.

Prosedure in geval van 'n voorval

Die korrekte prosedure in die geval van 'n voorval is as volg.

'n Geringe voorval of besering waar geen professionele mediese aandag benodig word nie, moet nie gerapporteer word nie. Dit sal egter 'n goeie bestuurspraktyk wees om rekord te hou van

Om aan die vereistes van die twee genoemde wette te voldoen, vereis baie administrasie.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthombohi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
Kantoor: 013 755 4575 ◀ Emelda Mogane

Jurie Mentz
Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht
KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier
Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebel
Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen
Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ duoit@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade
Mthatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Werksplekbeserings – wat boere moet weet



'n Veilige werksomgewing moet voorsien word om enige beserings aan diens te vermy.

“
*Indien die korrekte
prosedure nie gevolg
word nie, sal die werk-
nemer die reg hê om
vergoeding van die
werkewer te eis.*

so 'n voorval. Deur die nodige rekords te hou, kan jy in staat wees om 'n risiko area te bepaal, of dat 'n spesifieke werknemer baie nalaatig is. Omdat jy inligting het, kan jy die probleem bestuur.

In geval van 'n meer ernstige besering (professionele mediese aandag word vereis), moet die voorval aan die Vergoedingskommisaris (Departement van Arbeid) gerapporteer word deur Deel A van die Werkgewersverslag van Ongevalle Vorm WC12 te voltooi. Deel B – 'n afskrif van deel A – moet aan die werknemer oorhandig word om aan die dokter of hospitaal te gee waar hy/sy behandel word.

Mediese bewyse speel 'n belangrike rol wanneer aanspreeklikheid vir die betaling van vergoeding en mediese uitgawes oorweeg word. Daar is drie verslae wat deur die dokter/hospitaal voltooi moet word:

- Die eerste mediese verslag – WCI 4;
- Die maandelikse vorderings mediese verslag, indien nodig – WCI 5;

• Die finale mediese verslag – ook op WCI 5; En dan moet die werkewer die hervatting van die werksverslag voltooi – WCI 6.

In geval van 'n baie ernstige voorval, moet die werkewer die terrein met 'n tou afbaken, soveel bewyse as moontlik insamel, foto's neem, getekende verklarings van ooggetuies verkry, die volgorde van gebeure en die oorsaak bepaal en verbeterings toepas. In geval van dood moet die hele terrein onaangeraak word totdat die polisie kom.

Alle vorms en inligting is beskikbaar by die Departement van Arbeid. Maak seker dat jy altyd beschikbare vorms het – dit is behoorlike bestuur.

Om aan die vereistes van die twee genoemde wette te voldoen, vereis baie administrasie. Dit word egter by verre oortref deur die voordele van die skep van 'n veilige werksomgewing en die vergoeding van mediese koste om produktiwiteit te verseker.

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mrgacc.co.za.

